V

IMMER VOORWAARTS

# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*

13 Maart 2026

**NUUSBRIEF 9/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Laerskoolatletiek**: **Luan du Toit** (Gr. 7) het die afgelope naweek deelgeneem aan die Wes-Kaapbyeenkoms en het weereens met **drie medaljes** daar weggestap! Hy was eerste in verspring en het boonop 'n **persoonlike beste** gespring van 6,16m. Hy was ook derde in 100m en 200m. As gevolg van sy mooi prestasie in verspring, is hy ook aangewys as die **beste velditem-atleet** vir die dag. Ons is baie trots op jou, Luan. Luan neem Vrydag, **20 Maart** en Saterdag, **21 Maart** deel aan die **SA Kampioenskappe**. Ons wens hom alle sterkte toe met sy voorbereidings vir hierdie byeenkoms. Hou ons Bonnie-naam hoog, Luan!

2. **Hoërskoolatletiek: Ronwin Matjan** (110mH) en **Owaziyo Makhutshi** (DG) neem hierdie naweek deel aan die Wes-Kaap Kampioenskappe in Stellenbosch. Ons hoop dat dit goed sal gaan met hulle en dat hulle 'n wonderlike ervaring sal hê. Sterkte!

3. **Swem:** HS Swellendam swemgala – Op Donderdag **5 Maart** het **Taylin** en **Tristan Nell** aan HS Swellendam se swemgala deelgeneem. Tristan was 3de in borsslag 25m en 2de in borsslag 50m. Wel gedaan aan beide swemmers wat hul bes teen strawwe kompetisie gedoen het.

4. **HSB Swemgala:** Die HSB Laerskool Swemgala vind op **13 Maart** om **14:00** plaas. Ons het 240 swemmers wat by die HSB swemgala gaan swem. Kom maak 'n draai by die swembad en kom ondersteun die swemmers. Baie dankie aan Bonnie-ouers wat ook inspring om as beamptes diens te doen. Ons waardeer julle! Sterkte aan al die swemmers wat gaan swem. Doen julle bes. Ons is trots op julle!

5. **Akademie:** Ons leerders is druk besig met assesserings van hierdie kwartaal. Ouers moet asb. ondersteun en aanmoedig en seker maak u kind spandeer genoeg tyd agter sy/haar boeke. Elke punt tel vir die jaarpunt en maak saak. Doen eerder nou 'n bietjie meer, en offer op, sodat jy tevrede kan wees met die resultate. Elke keuse wat jy maak, het 'n gevolg. As jy goeie gevolge wil hê, moet jy goeie keuses maak!

6. **Swimathon:** Ondersteun asseblief ons Swimathon wat op **23 Maart** plaasvind! Daar is heerlike pryse en gelukkige trekkings te wen. Pryse vir swemmers sluit in kontantpryse, Outdoor geskenkbewyse en data vouchers. Die persone wat swemmers borg kan 'n Bonnievale slaghuis geskenkbewys, 'n vark of 'n Springbok wen (wenner is self verantwoordelik vir die slag en verwerkingskoste van dier). **Borg 'n swemmer en staan 'n kans om te wen!**

7. **Laerskool rugby en netbal:** Rugby- en netbal ligabepalings is steeds nog nie ontvang nie. Sodra daar datums gegee word sal ons datums so gou as moontlik vasmaak en aan die ouers kommunikeer. Datums word deur Noord-Boland bepaal.

8. **Mini-gholfdag:** Moenie ons gewilde mini-gholfdag misloop nie! Hoërskool Bonnievale se gewilde mini-gholfdag vind op **14 Maart** by die Bonnievale Gholfklub plaas – dit is 'n dag vol pret, kompetisies en heerlike pryse. Daar wag fantastiese pryse vir ons wenners, maar die opwinding stop nie daar nie. Ons groot veiling bied eksklusiewe items waar elkeen die kans kry om te bie en met iets besonders weg te stap.

9. **Borge en donasies – Mini-gholfdag:** (sien onderaan aangeheg – name wat op hierdie stadium beskikbaar is) Ons wil graag nou-al baie dankie sê aan ons hoofborg, **Q4 fuel**, en al ons **putjieborge** en **donateurs**. Sonder julle ondersteuning is so ‘n dag nie moontlik nie. Ons waardeer julle bydrae tot ons Mini-gholfdag wat sal help om ‘n sukses daarvan te maak. Ook ‘n baie groot dankie aan Bonnievale Gholfklub vir die beskikbaarstelling van julle terrein. Daar word baie moeite gedoen om ons gholfbaan in ‘n pragtige toestand te kry. Dankie vir julle harde werk! Laastens ‘n baie groot dankie aan **Victor Louw** en **Darius van Loggerenberg** wat hard werk om alles bymekaar te trek. Julle is groot staatmakers!

10. **Klub 100:** Klub 100 is ‘n organisasie wat geld insamel vir spesiale projekte by HSB, bv. dinge wat ons by die skool wil doen of koop, maar waarvoor normale skoolgeld nie gebruik kan word nie. Die klub bestaan uit mense van Bonnievale van alle ouderdomme, agtergronde en besighede wat een doel het: om HSB te ondersteun en te bevorder. Dit kos **R450.00 per jaar** per persoon of paartjie, wat vooraf betaalbaar is. Daarvoor kry jy dan 4 x funksies, een per kwartaal. Die funksies sluit kos en van die drankies in. Tydens die funksies is daar ‘n gelukkige trekking waar jy wyn of groot kontantpryse kan wen. Dit is sommer ‘n klomp mense van die breër gemeenskap wat lekker saam kuier en waar ons terugvoer gee van wat alles by HSB gebeur het, nog gaan gebeur en waar ons lekker spog met ons leerders se prestasies t.o.v. akademie, kultuur en op die sportgebied. Ons eerste funksie vir die jaar is **24 Maart** om 18:30 by die Rolbalklub. **Indien u belangstel om aan te sluit, kontak asb vir Lize de Wet by HSB se kantoor.**

11. **Uitstaande handboeke van 2025:** Ouers, ons wil u vriendelik daaraan herinner dat daar tans nog ’n aantal 2025-handboeke uitstaande is. Rekeninge vir uitstaande handboeke is tussen 06 Februarie 2026 en 09 Februarie 2026 uitgereik. **Ons versoek dat alle uitstaande handboeke asseblief so spoedig moontlik terugbesorg word,** of dat die waarde van verlore boeke by die Finansiële Kantoor vereffen word. Indien handboeke nie teruggebring word of die rekening nie voor die einde van die kwartaal betaal word nie, sal ouers/voogde versoek word om ’n afspraak te maak met Me. S. Jordaan (LOOM-Bestuur) en Mnr. P. Brink (Skoolhoof) om die leerder se rapport persoonlik af te haal. Ons waardeer u samewerking en ondersteuning in hierdie verband. Dankie vir die ouers wat wel al rekeninge vereffen het en leerders wat hoendboeke ingegee het. Enige navrae kan gerus aan Me. S. Jordaan gerig word.

12. **Mnr. en Mej. HSB:** Ons stel met trots die Junior en Senior meisies- en seunsfinaliste vir Mnr. & Mej. HSB 2026 voor:

| **Junior Seuns** | **Junior Meisies** |
|---|---|
| Luke Blakey | Libubuhle Tyhalisisu |
| Daneil Bosman | Chelsea Pieters |
| Austin Siegelaar | Genevieve Engelbrecht |
| Avuyonke Msweswe | Sinawe Mdidimba |
| **Senior Seuns** | **Senior Meisies** |
| Tylor Anderson | Rubaine Peerboom |
| Jethro Wilskut | Loumari Barnard |
| Ronwin Matjan | Taylin Nell |
| Jamian Reiners | Dené Siegelaar |
| Kyle Willemse | Rineke Coert |
| Gian Daniels | Jada-Lee Lagorie |

13. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Vr. 13 Mrt | HSB Swemgala, HS Wes-Kaap Kampioenskappe (atletiek) |
| Sa. 14 Mrt | HSB Mini-gholfdag, HS Wes-Kaap Kampioenskappe (atletiek) |
| Ma. 16 Mrt | Juf. Belinda Oosthuizen verjaar |

| | |
|---|---|
| Wo. 18 Mrt | LS Redenaars by Klubhuis |
| Do. 19 Mrt | HS Redenaars by Klubhuis |
| Vr. 20 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Sa. 21 Mrt | Tweekamp te Oudtshoorn (SA Kampioenskappe) |
| Ma. 23 Mrt | HSB Swimathon |
| Di. 24 Mrt | Klub 100 funksie |
| Do. 26 Mrt | Juf. Tanya van Heerden verjaar |
| Vr. 27 Mrt | Skole sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



P. Brink
Waarnemende Skoolhoof

**"Accept responsibility for your life. Know that is is you who will get you where you want to go, no one else"**
**-Les Brown-**









# Q4 Fuel HSB Mini-Gholfdag

# Putjieborge

| | |
|---|---|
| Ashton Bandediens | Merwannes |
| Avalon Springs | Montagu Toyota |
| Barvallei - Towing & Transport | Outdoor Arena |
| Bonnievale Apteek | Porex |
| Bonnievale Drankwinkel | Q4 Fuel (HOOFBORG) |
| Bonnievale Kelder | Rawson Properties - Brenda Elstadt |
| Books 24/7 | River Bioscience |
| BVSA | Rosedale - Jannie en Carla |
| CBR Carriers | Ruwacon |
| Control Union | Sapex |
| Delecta | Select PPE |
| Dr. Braam | South Star Fruits |
| EDS Engineering Design Services | SSK |
| Epol | The Almond Girl |
| Haifa | Thornlands |
| Henry Elektries | Total Control Union |
| Hexberg Kwekery | Triomf besproeiing |
| Icon Fruit | Van Loveren |
| Ideal | Vibrac - Monty |
| Interflon | FSP Wealth |
| Jan Hamersgat | Wenkem Bonnievale - Grové Kriel |
| JS Bruwer Boerdery | Wenkem Langeberg - Herman van Zyl |
| Jungle Jonas | |

# Q4 Fuel HSB Mini-Gholfdag

# Produkte en Donasies

| | |
|---|---|
| Agri Boost | Mooivallei Suiwel |
| A.H Marais | Peter Butner Sport |
| The Almond Girl | Radiemakelaars |
| Anina Bezuidenhout | Rivergold |
| Chane van der Merwe | RSD Rugby |
| Geo Botha - Bovest Management | Proverte Risk Management - Ruan Barnard |
| Brian Stipp | Stellenbosch Academy of Sport |
| Goudini brandblussers | Silwerstrand Robertson Golfclub |
| Groen Karoo | Sonia |
| Guano Caves | Specsavers |
| Jan Harmsgat | Adré Smit |
| Krummel en Vlokkie | Van Loveren |
| Lactalis | Viljoensdrift |
| Lozarn Wines | Weltevrede |
| McMom & Daughters | Woolworths/Lactalis |
| MJJM Accounting | Barvallei Herstelwerke |